Ek het U lief

# Ek is die lig vir die wêreld

## Bybelteks

*Toe het Jesus weer met hulle gepraat en gesê: "Ek is die lig vir die wêreld. Wie My volg, sal beslis nie in die duisternis leef nie, maar sal die lig van die lewe hê." [In] die verbygaan het Jesus 'n man gesien wat van sy geboorte af blind was. [Jesus het] op die grond gespoeg en modder van die speeksel gemaak, die modder aan sy oë gesmeer en vir hom gesê: "Gaan was jou in die bad van Siloam" ... Hy het toe gegaan en hom gewas, en toe hy terugkom, kon hy sien.*

**– Johannes 8:12; 9:1, 6-7**

## Kernwaarheid

**Wanneer ons vir Jesus ken, leef ons in die lig. Jesus se voorbeeld gee vir ons leiding.**

### WELKOM

As jy 'n lig in enige plek in die wêreld kon wees, waar sou jy wou skyn en waarom?

### WONDER

- Hoe dink jy het die blinde man gevoel toe hy vir die eerste keer kon sien?

- Hoe het die mense gereageer toe Jesus die blinde man genees het?
- Wat beteken dit vir ons dat Jesus die lig vir die wêreld is?

## WEES

- Hoe pas die video wat julle gekyk het by die gedeelte wat julle gelees het?
- Lig en duisternis het in die Bybelse tyd ook simboliese betekenis gehad. Lig is gesien as dinge wat die wêreld 'n beter plek maak, en duisternis as dinge wat die wêreld 'n slegter plek maak. Jesus is die lig vir die wêreld. Hoe kan ons ook deel van die goeie dinge (lig vir die wêreld) wees?

## WEGSTUUR

Besluit saam op 'n goeie daad wat julle gedurende die week gaan doen. Dit moet iets wees wat die lig vir die wêreld sigbaar sal maak.